# Potters Pass Nature Reserve

| | | |
|---|---|---|
| Establishment of reserve | 24 January 1986 | P.N. 46/1986 |
| | | |

## PROVINCIAL NOTICES

The following Provincial Notices are published for general information.

B. A. VAN DER VYVER,
PROVINCIAL SECRETARY

Provincial Building,
Wale Street,
Cape Town.

P.N. 49/1986 24 January 1986

The Administrator has approved the subjoined amendment framed by the Municiapl Council of Hartenbos

### HARTENBOS MUNICIPALITY: AMENDMENT TO THE STANDARD BUILDING REGULATIONS

The Standard Building Regulations, promulgated with amendments for the Municipal Council of Hartenbos under Provincial Notice 81 dated 9 March 1984, are hereby further amended as follows:

1. In Appendix B to Chapter 10, by the substitution for regulation 1 of the following regulation:
"1. In this appendix, unless inconsistent with the context, 'premises' means a property, or portion thereof, which appears separately on the municipal valuation roll, or any property which can be sold separately without an application being made to the Local Authority for the subdivision thereof, and 'second residential unit', for the purposes of this by-law, means an additional residential unit which is integrated with, linked to or detached from the primary residential unit on a single residential erf, smallholding or farm which is meant and used for leasing, irrespective of the term of such lease to one or more relatives, friends or any other person or persons."

2. In Appendix B to Chapter 10, by the substitution for regulation 2(2) of the following regulation:
"2(2) Where more than one premises or second residential unit is supplied with water through one meter or one connection, the minimum charge as fixed by the Local Authority shall be payable to the occupier or, in his default, by the owner in respect of each such premises or second residential unit; provided that –
(a) in the event of any dispute arising as a result of the interpretation of the definition above of 'premises' and 'second residential unit' and the application of these regulations to such 'premises' or 'second residential unit', the Local Authority's decision shall be final, and
(b) the onus shall rest on the owner to prove that such 'premises' or 'second residential unit' had not been used or is not used."

P.N. 45/1986 24 January 1986

### BRANDVLEI MUNICIPALITY: REPEAL OF BY-LAW

The Administrator has approved the repeal of the Standard Pedal Cycle By-law, published under Provincial Notice 483 dated 10 July 1964, as amended, with effect from 1 January 1986 in so far as it applies to the Brandvlei Municipality by virtue of its adoption by the Council of such Municipality and promulgation under Provincial Notice 1166 dated 24 November 1978.

P.N. 46/1986 24 January 1986

### EAST LONDON MUNICIPALITY: ESTABLISHMENT OF A LOCAL NATURE RESERVE

Notice is hereby given in terms of section 7(5) of the Nature and Environmental Conservation Ordinance, 1974 (Ordinance 19 of 1974), that the Administrator has granted an application for approval of the establishment of a local nature reserve by the East London Municipality in the area of jurisdiction of the said Municipality on land vested in such Municipality, which will be known as the "Potters Pass Nature Reserve" and the boundaries whereof are as indicated on a diagram filed in the office of the Director: Nature and Environmental Conservation, Provincial Building, Wale Street, Cape Town, and the office of the Town Clerk, East London Municipality.

## PROVINSIALE KENNISGEWINGS

Die volgende Provinsiale Kennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

B. A. VAN DER VYVER,
PROVINSIALE SEKRETARIS

Provinsiale Gebou,
Waalstraat,
Kaapstad.

P.K. 49/1986 24 Januarie 1986

Die Administrateur het sy goedkeuring geheg aan die volgende wysiging opgestel deur die Munisipale Raad van Hartenbos.

### MUNISIPALITEIT HARTENBOS: WYSING VAN DIE STANDAARDBOUREGULASIES

Die Standaardbouregulasies, afgekondig met wysigings vir die Munisipale Raad van Hartenbos by Provinsiale Kennisgewing 81 van 9 Maart 1984, word hierby verder soos volg gewysig:

1. In Aanhangsel B van Hoofstuk 10, deur regulasie 1 deur die volgende regulasie te vervang:
"1. In hierdie aanhangsel, tensy onbestaanbaar met die sinsverband, beteken 'perseel' 'n eiendom, of gedeelte daarvan, wat afsonderlik op die munisipale skattingslys voorkom of enige eiendom wat afsonderlik verkoop kan word sonder dat daar by die Plaaslike Bestuur aansoek gedoen word om die onderverdeling daarvan, en beteken 'tweede wooneenheid' vir die toepassing van hierdie verordening 'n addisionele wooneenheid wat geïntegreer of aaneengeskakel is met of losstaande is van die primêre wooneenheid op 'n enkelwoonerf, kleinhoewe of plaas wat bedoel is en gebruik word vir verhuring, ongeag die termyn van sodanige huurooreenkoms, aan een of meer familielede, vriende of 'n ander persoon of persone."

2. In Aanhangsel B van Hoofstuk 10, deur regulasie 2(2) deur die volgende regulasie te vervang:
"2(2) Waar meer as een perseel of tweede wooneenheid deur middel van een meter of een aansluiting van water voorsien word, is die minimumgelde soos deur die Plaaslike Bestuur vasgestel, deur die okkupeerder of, as hy in gebreke bly, deur die eienaar betaalbaar ten opsigte van elke sodanige perseel of tweede wooneenheid; met dien verstande dat –
(a) indien enige geskil ontstaan as gevolg van die interpretasie van die omskrywing van 'perseel' of 'tweede wooneenheid' hierbo, en die toepassing van hierdie regulasies op sodanige 'perseel' of 'tweede wooneenheid', die Plaaslike Bestuur se beslissing afdoende sal wees, en
(b) die onus by die eienaar berus om te bewys dat sodanige 'perseel' of 'tweede wooneenheid' nie gebruik is of gebruik word nie."

P.K. 45/1986 24 Januarie 1986

### MUNISIPALITEIT BRANDVLEI: HERROEPING VAN VERORDENING

Die Administrateur het dit goedgekeur dat die Standaardtrapfietsverordening, gepubliseer by Provinsiale Kennisgewing 483 van 10 Julie 1964, soos gewysig, met ingang van 1 Januarie 1986 herroep word in soverre dit op die Munisipaliteit Brandvlei van toepassing is ingevolge die aanname daarvan deur die raad van sodanige Munisipaliteit en afkondiging by Provinsiale Kennisgewing 1166 van 24 November 1978.

P.K. 46/1986 24 Januarie 1986

### MUNISIPALITEIT OOS-LONDEN: STIGTING VAN 'N PLAASLIKE NATUURRESERVAAT

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 7(5) van die Ordonnansie op Natuur- en Omgewingsbewaring, 1974 (Ordonnansie 19 van 1974), dat die Administrateur 'n aansoek toegestaan het om die goedkeuring vir die stigting van 'n plaaslike natuurreservaat deur die Munisipaliteit Oos-Londen in die regsgebied van genoemde Munisipaliteit op grond wat by sodanige Munisipaliteit berus, wat bekend sal staan as die "Potterspas-Natuurreservaat" en waarvan die grense is soos aangedui op 'n kaart geliasseer in die kantoor van die Direkteur: Natuur- en Omgewingsbewaring, Provinsiale Gebou, Waalstraat, Kaapstad, en die kantoor van die Stadsklerk, Munisipaliteit Oos-Londen.